# SOMERSTRAND GEMEENTE
## Bybelstudie
# Johannes 21

**Romeine 8:18-30** **11 Mei**

Groei

### Inleiding

Ons het Sondag, 4 Mei, gelees uit Johannes 21:1-14 en gedink aan die verskil wat die opstanding maak in die teenswoordige lewe. Daar is sekere realiteite van die aardse bestaan waarmee ons nog rekening moet hou, maar terselfdertyd is alles anders en nuut in die lig van die opstanding van Jesus!

Daar is min gedeeltes wat so mooi by hiedie gedagtes aansluit soos Romeine 8:18-30. Voor hierdie verse spoor Paulus die gemeente aan om nie meer volgens die sondige natuur van ons sterflike liggame te leef nie, maar om deur die Gees wat ons ontvang het te leef. Dit gaan gepaard met die wete dat ons kinders van God is en sy erfgename is. Ons verwag 'n erfdeel van die ewige lewe en moet nou daarvoor lewe!

Alhoewel die oorwinning dus reeds deur Jesus behaal is, leef ons wel nou nog in die verganklike wêreld met sekere realiteite en implikasies soos ons swak, sterflike liggame en sondige begeertes. Verder verduur ons ook nog baie verskeie vorme van lyding, maar in verse 18-30 wil Paulus dit alles vir ons in 'n groter perspektief plaas.

### Bid saam

Bid saam dat die Gees julle deur die Bybelstudie sal lei.

# SOMERSTRAND GEMEENTE
## Bybelstudie
# Johannes 21

### Bespreking

- Ons leef in 'n lydende wêreld. Vertel vir mekaar van die realiteit van lyding in die hede. Watter soort lyding beleef gelowiges alles?
- Waarom dink jy is die Skepping in sy huidige vorm onderwerp aan 'n 'sinlose bestaan'? (Vers 20-21) (Dink ook aan die gebeure van Genesis 3)
- Op watter maniere sien jy die tekens van 'n sinlose bestaan in die wêreld om jou?
- Gelowiges leef nog in die verganklike skepping met verganklike liggame. Voer hulle dan ook nog 'n sinlose bestaan? Watter sin het ons huidige teenwoordigheid dan in hierdie wêreld? (Sien bv. vers 23-25, 29. Dink verder aan die opdragte waarmee Jesus ons gelos het.)
- Wat sê vers 20-22 ook oor die toekoms van die skepping?
- Omdat ons nog in hierdie verganklike toestand leef, beleef ons ook swakheid. Hoe en wanneer beleef jy die swakheid waarvan vers 26 praat?
- Hoe help en bemoedig vers 26-29 jou in jou swakhede/uitdagings en wankelrige geloof?

**Lees nou gerus ook Romeine 8:31-37 saam en gesels oor hoe ons Christus se oorwinning in die hede (voor die wederkoms) moet verstaan en ervaar?**

# SOMERSTRAND GEMEENTE
## Bybelstudie
# Johannes 21

### Bid saam

- Bid dat die Here vir ons die regte perspektief op alles in die lewe sal gee. Op ons swaarkry, uitdagings en tekortkominge, maar ook op ons voorspoed en aardse welvaart.
- – Bid vir die swaarkry, lyding, uitdagings en beproewings van die lewe sodat dit nie ons geloof en hoop sal steel nie.
- – Bid ook dat ons nie geheg sal raak aan gerieflike lewens wat geanker is in verganklike dinge nie.
- – Bid dat die Here die lig van die opstanding in alle omstandighede sal laat deurbreek sodat ons met 'n ewigheidsperspektief kan leef.
- – Bid dat ons lewe nie doelloos sal wees soos die verganklike dinge van die wêreld nie, maar dat die Here ons sal gebruik om bakens van lig in die wêreld te wees.

### Bespreking met kinders

Kolibries is baie klein voëltjies en hulle kom uit eiers so groot soos hierdie jelliebeans/speckled eggs! Baba kolibries is maar skraal, swak en heeltemal hulpeloos. Wanneer hulle uitbroei, is hulle blind, kan nie loop of vlieg nie, en moet op hulle mamma staatmaak vir kos en beskerming. Hulle bly in die nes en word vir omtrent drie weke deur hulle mamma versorg.

Soms voel ons ook swak en hulpeloos. Ons het dalk 'n probleem wat ons nie weet hoe om op te los nie. Ons voel dalk só moedeloos dat ons nie weet wat om te doen nie. Partykeer is ons hartseer omdat ons iets of iemand verloor het. Ons voel dalk swak omdat ons siek is. In sulke tye is dit selfs moeilik om te bid en vir God hulp te vra.

Die Bybel sê vir ons: "… die Gees help ons in ons swakheid …" (Romeine 8:26). Wanneer ons te swak, hartseer of siek is om te bid, sê die Bybel vir ons dat God weet wat in ons harte aangaan en dat sy Gees namens ons bid. Dis soos 'n mamma kolibrie wat haar kleintjies kos en beskerming gee totdat hulle sterk genoeg is om self te vlieg.

As jy ooit swak voel, vertrou dat God se Gees weet wat in jou hart aangaan en dat Hy vir jou sal sorg en jou sal beskerm. Niks kan ons van God se liefde skei nie.